



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

FEBRUARIE/MAART 2012

MEMORANDUM

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 31 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord net EEN vraag.

VRAAG 1: <i>Kringe in 'n Bos</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 2: <i>Kringe in 'n Bos</i>	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 3: <i>Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 4: <i>Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom</i>	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 5: <i>Meeulanders</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 6: <i>Meeulanders</i>	Kontekstuele vraag	35 punte

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord net EEN vraag.

VRAAG 7: <i>Poppie, Die Drama</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 8: <i>Poppie, Die Drama</i>	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 9: <i>Paljas</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 10: <i>Paljas</i>	Kontekstuele vraag	35 punte

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord net EEN vraag.

VRAAG 11: <i>Benedicta</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 12: <i>Agter 'n Baard</i>	Kontekstuele vraag	35 punte

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord vrae oor enige TWEE van die gedigte.

VRAAG 13: Die hantswors	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 14: Brief	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 15: Wie's hy?	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 16: Thumela	Kontekstuele vraag	17½ punte

NASIENRIGLYNE

- As 'n kandidaat in AFDELING A, B en C altwee die vrae gedoen het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)
- As 'n kandidaat meer as twee gedigte in AFDELING D beantwoord het, word die eerste twee gedigte nagesien. Trek 'n streep deur die laaste (twee) gedig(te).
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die volgorde in die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
- Opstelvraag:
As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie ogepenaliseer nie omdat die kandidaat hom-/haarself geopenaliseer het.
- As die opstel te lank is, laat 'n oorskryding van 'n maksimum van 50 woorde toe en ignoreer die res van die opstel.
- Kontekstuele vrae: As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie geopenaliseer nie.

AFDELING A: ROMAN**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.****VRAAG 1: OPSTELVRAAG*****KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee****Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkele skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING:

Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:**Wat Saul gedoen het om die Bos te bewaar**

- Toe Saul nog 'n kind was, het hy in opstand gekom teen sy pa oor die afkap van 'n kalendarboom.
- Hy het geweier om die boom af te kap so het hy die boom probeer beskerm.
- Saul het ook met sy pa probeer redeneer, maar dit het nie gehelp nie.
- Hy het respek gehad vir die kalendar wat so lank gestaan het (bl. 65).
- Saul het ook met Jozef probeer redeneer oor die bewaring van die Bos.
- Hy het vir Jozef gesê dat die Bos besig was om dood te gaan en dat die Bos ook vir hulle (houtkappers) doodmaak. Jozef het geen geduld met Saul gehad nie en het gedink dat Saul Harison se stories geglo het (bl. 89-90).
- Hy het vir Joram gesê hy wou nie meer 'n houtkapper wees nie. Dit was toe dat Joram hom weggejaag het (bl. 98-99).
- Met die ontdekking van goud, het Saul weer vir sy pa probeer oorreed om goud te delf in plaas van hout te kap (bl. 162-163).
- Saul het vir Jozef gesê dat die Bos binne 50-60 jaar nie meer 'n bestaan aan houtkappers sou kon bied as die houtkappers geen respek vir die Bos gehad het nie.
- Saul het die houtkappers probeer wys dat hulle onverantwoordelik opgetree het deur net bome af te kap.
- Saul het die beeshoring geblaas om die delwers bang te maak en op daardie wyse het hy gekeer dat die gebied waar hy gedelf het, beskadig is (bl. 190).
- Saul het ook met die delwers gepraat oor die beskadiging van die Bos.
- Aan die einde was dit Saul se plan om sy eie besigheid te begin en seker te maak dat die houtkappers die regte prys vir hout betaal is. Saul sou ook net bome wat die boswagter se merk gehad het, koop. Op daardie manier het Saul bygedra tot die beskerming van die Bos (bl. 316).

Wat Saul gedoen het om die olifante te bewaar

- Toe Saul nog jonk was, het hy probeer vasstel hoeveel osse in een olifant was. Op sy manier het hy hom probeer indink hoe groot die bedreiging teen die olifante was. Hy het geskat dat daar tien osse in een olifant was, m.a.w. elke olifant se dood, was gelyk aan die dood van tien osse. Daarmee het hy aan Jozef probeer wys dat die Boscense 'n groot bedreiging vir die olifante was.

- Saul was kwaad oor die feit dat die houtkappers, insluitend sy eie gesin, olifante moes skiet om die tande te verkoop.
- Al het Saul besluit om Oupoot self te skiet, het hy later daarteen besluit. Hy wou eerder met Jozef praat en hom oortuig om Oupoot se lewe te spaar.
- Saul het 'n ander manier aan sy pa en broer voorgestel om geld te maak. Hy het hulle aangeraai om goud te delf eerder as om olifante te skiet.

Hoe Saul anders as die Bosmense gedink het oor die bewaring van die Bos en olifante

- Saul het geweet die Bos kon nie vir altyd bestaan as hulle aanhou kap nie.
- Saul was die enigste Bosmens wat besef het dat die Bos vernietig word (bl. 91).
- Saul het gedink die houtkappers was soos wurms wat die appel van binne af gevreet het, want hulle het die Bos beskadig. (bl. 92-93)
- Saul wou die olifante beskerm. In teenstelling daarmee was die houtkappers onkundig. Hulle het die olifante as hulle vyande gesien. Dit was een van die redes hoekom hulle bereid was om olifante te skiet.
- Saul het gedink dat sy gesin liewers goud moes delf in plaas van die Bos te vernietig om 'n bestaan te maak. Sy pa het nie hiermee saamgestem nie.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee (bl. 201) en (bl. 316)**

- | | | | |
|-----|---|---|-----|
| 2.1 | Saul het gedink niemand het geweet waar hy was nie. | (1) | |
| 2.2 | 2.2.1 | Waar | (1) |
| | 2.2.2 | <ul style="list-style-type: none"> • Hulle het geglo jy mag nie die woord “dood” gebruik nie omdat iets slegs met jou sal gebeur. • Hulle het gepraat van die “engel” wat gekom het i.p.v. te sê iemand was dood. • Hulle het gepraat van iemand wat “nie meer op aarde” was nie i.p.v. te sê iemand was dood. | (1) |
| 2.3 | A | goud te delf | (1) |
| 2.4 | B | leegheid | (1) |
| 2.5 | | die kalender moes kap | (1) |
| 2.6 | 2.6.1 | houtkapper | (1) |
| | 2.6.2 | houtkoper | (1) |
| | 2.6.3 | gouddelwer | (1) |
| | 2.6.4 | middelaar | (1) |

- 2.7 Ja.
- Hy het Saul baie dinge oor die Bos geleer.
 - Hy was bekommerd oor Saul se welsyn.
 - Hy het Maska gestuur om te sien hoe dit met Saul gaan.
 - Joram het vir Saul 'n voorbeeld gestel van 'n harde werker.
 - Joram was streng met Saul.
 - Joram het vir Saul maniere geleer.
(Enige TWEE of soortgelyk)
- OF**
- Nee.
- Hy het vir Saul mishandel.
 - Hy het nie die bygelowe van die Bosmense bevraagteken nie.
 - Hy het Saul geblameer vir Arend se dood (al was dit nie Saul se skuld nie).
 - Hy het Saul weggejaag.
 - Joram het geen voorbeeld vir Saul gestel ten opsigte van natuurbewaring nie.
 - Hy was nie geduldig met Saul nie.
 - Hy het nie vrede met Saul probeer maak nie.
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 2.8
- Saul was netjies aangetrek ✓ terwyl Jozef ou/verflenterde klere gedra het. ✓
 - Saul was ryk ✓ terwyl Jozef arm was. ✓
(Enige EEN) (2)
- 2.9 (Na) die delwers (1)
- 2.10
- Hy wou hout koop./Hy wou 'n houtbesigheid begin.
 - Hy wou meubels maak.
 - Hy wou 'n familiebesigheid begin.
(Enige EEN) (1)
- 2.11 Jozef sou hout aan Saul lewer/verkoop. (1)
- 2.12 (By) Patterson (1)
- 2.13
- Joram het baie kwaad geword.
 - Joram het geweier om goud te delf.
 - Joram het gesê hy was 'n houtkapper (en nie 'n delwer nie).
(Enige EEN) (1)
- 2.14 Saul wou Izak leer om meubels te maak. (1)
- 2.15
- Om te keer dat Saul weggaan.
 - Omdat Thompson dit nie aan Saul wou verkoop nie.
(Enige EEN) (1)

- 2.16
- Hulle het vuur gemaak met duur hout.
 - Hulle het die Bos beskadig.
 - Hulle het geen respek vir die Bos gehad nie.
 - Hulle het loeries doodgemaak.
 - Hulle het strikke gestel vir bokke.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.17
- 2.17.1 Waar (1)
- 2.17.2
- Saul wou die Bos red. **OF** “as julle saam met my staan en my help **red wat oor is van die Bos.**”
 - Hy wou die wêreld wys wat uit die Bos kon kom. **OF** “en ons **wys vir die wêreld wat uit die Bos kan kom.**”
- (Enige EEN) (1)
- 2.18
- 2.18.1 B MacDonald (1)
- 2.18.2 D Maska (1)
- 2.18.3 C Barkley (1)
- 2.18.4 E Steyn (1)
- 2.19
- Hy was versoenend/bereid om te vergewe.
 - Hy het sy familie se belange in ag geneem.
 - Hy was eerlik.
 - Hy het selfvertroue gehad.
 - Hy was nederig.
 - Hy was trots.
 - Hy was optimisties.
 - Hy was verantwoordelik teenoor die natuur/wou die bos bewaar.
 - Hy het inisiatief gehad.
- (Enige DRIE feite) (3)
- 2.20
- 2.20.1
- 'n Mens moet jou gesinslede vergewe/vrede met hulle maak.
 - 'n Mens moet jou gesinslede liefhê.
- (Of soortgelyk) (1)
- 2.20.2 'n Mens moet die bos en diere/die natuur bewaar.
(Of soortgelyk) (1)
- 2.21
- Hy sou regverdig teenoor houtkappers kon optree deur hulle 'n goeie prys vir hulle hout te betaal.
 - Hy sou die toekoms van die houtkappers kon beskerm.
 - Hy sou net bome met die boswagter se merk op, gekoop het.
- (Enige TWEE of soortgelyk) (2)

VRAAG 3: OPSTELVRAAG***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver*****Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:**Gavin se kuier by die gesin**

- Gavin was in die Kaap en dit was Hanna se vyftiende verjaarsdag en hy het besluit om daar te wees vir haar verjaarsdag.
- Gavin het met 'n geleende motor kom kuier.
- Die rooi MG het in die modder vasgeval en sy eie klere was vol modder.
- Gavin het gekla omdat hy Beyers se macho klere moes dra en nie sy eie klere nie.
- Die klere het vir Gavin soos 'n bosbouer laat voel.
- Almal het gedink Gavin was snaaks, want hy het alles dramaties gedoen, daarom het hulle hom die tweede queen genoem.
- Gavin het die gesin vermaak en hulle het almal konsert gehou.
- Gavin het 'n spesiale ete vir die gesin voorberei en allerhande lekker eetgoed van 'n Kaapse deli af saamgebring.
- Gavin het die gesin versorg nadat Mana en Beyers met die helikopter weg is.
- Gavin het hulle laat dans.
- Gavin het bewys dat hy, soos Mana gesê het, 'n begrafnis in 'n fees kon verander.

Margot se paar dae by die gesin

- Margot was vir drie weke in die land (SA) om 'n rol in 'n TV-reeks te speel.
- Dit was die ideale geleentheid om vir Yann en Amos te sien.
- As Margot nie vir hulle op die berg kom kuier het nie, sou sy hulle glad nie gesien het nie, want die gesin was vir drie weke daar.
- Margot was nie 'n maklike kuiergas met haar eetgewoontes nie.
- Die gesin het haar 'n koningin genoem, want sy het nie gehelp met die huiswerk nie.
- Margot het in die reën by die huis aangekom en vir elkeen 'n kompliment gegee.
- Margot het die gesin vermaak en hulle het almal konsert gehou.
- Margot het soos 'n koningin (queen) opgetree en was baie dramaties, want sy was 'n aktrise.
- Margot en Sharon het vir Hanna 'n nuwe voorkoms gegee.
- Margot het vir die kinders Tarrot kaarte geles.
- Margot het gehelp met die baba se geboorte.

Hoe Gavin en Margot vir Hanna gehelp het om haarself te aanvaar

- Gavin het met die cashmere trui vir Hanna gewys hy het haar aanvaar vir wie sy is en dit het baie vir haar beteken.
- Gavin het vir Hanna vertel hoe spesiaal sy was en so perfek toe sy gebore is.

- Gavin het vir Hanna aanvaar net soos sy was en het haar sterk persoonlikheid gesien.
- Hanna het geglo dat Gavin trots op haar as sy dogter was.
- Margot het vir Hanna aangemoedig om te skryf en haar talent te gebruik.
- Hanna het besluit om haar storie oor 'n gemiddelde vaal meisiekind te skryf wat gedui het op haar aanvaarding van haarself.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver (bl .117) en (bl .159-160)**

- 4.1
- 'n Fiktiewe karakter
 - Hanna se alter ego
(Enige EEN) (1)
- 4.2 Dit was Hanna se (vyftiende) verjaarsdag. (1)
- 4.3
- Tibo was haar halfbroer.
 - Tibo was 'n proefbuisbaba.
 - Yann en Amos was haar stiefbroers.
 - Mana het met Beyers (haar stiefpa) getrou.
(Enige EEN) (1)
- 4.4
- 4.4.1 Yann het eenkant gestaan en kyk na sy ma se aankoms./Hy het op 'n negatiewe manier gereageer.
(Of soortgelyk) (1)
- 4.4.2 Amos was so opgewonde (dat hy die kar bestorm het).
(Of soortgelyk) (1)
- 4.5
- Hanna het geweet dat Margot nie moeite met haar kinders gedoen het nie.
 - Yann het vir Hanna jaloers gemaak oor hoe fantasties sy ma gelyk het.
 - Hanna het gedink dit was verkeerd van Margot om haar kinders te los (en Amerika toe te gaan).
(Enige EEN) (1)
- 4.6
- In die toneelstuk sou Mana bang wees Margot rokkel vir Beyers af.
(Of soortgelyk) (1)
- 4.7 Hy sou bang wees Margot vat sy seuns Amerika toe. (1)
- 4.8 Ja.
- Hy wou graag soos Margot in Amerika bly.
 - Hy het Margot en haar lewe bewonder.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 4.9
- Hanna wou ontvlug uit die situasie op die berg.
 - Hanna het 'n goeie verbeelding gehad.
 - Hanna was 'n goeie skryfster.
 - Hanna het graag stories geskryf.
(Enige EEN of soortgelyk). (1)
- 4.10
- Hulle was bang/verskrik.
 - Hulle het niks van 'n baba se geboorte geweet nie.
 - Hulle het nie regtig geweet hoe om vir Mana te help nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.11
- 4.11.1 Onwaar (1)
- 4.11.2
- Die baba was te vroeg, nog nie tyd om gebore te word nie.
 - Mana kon nie onthou of sy die datum vir die baba se geboorte reg gehad het nie, (want sy vergeet sulke goed).
 - Sy het verwag dat die baba eers na die vakansie (3 weke) gebore sou word.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.12
- 4.12.1 Waar (1)
- 4.12.2
- Hy kon onthou hoe groot die hospitaal was.
 - Hy kon onthou dat daar 'n klomp vrouens in kraam was.
 - Hy kon die gille onthou.
 - Hy het vir Hanna onthou as 'n perfekte babatjie/fabulous creature.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.13 C het darem vier jaar as 'n opgeleide verpleegster gewerk. (1)
- 4.14
- 4.14.1 CD (1)
- 4.14.2 baba (1)
- 4.14.3 pa (1)
- 4.14.4 water (1)
- 4.15
- 4.15.1 E Sharon (1)
- 4.15.2 C Mana (1)
- 4.15.3 B Fabienne (1)
- 4.15.4 A Margot (1)
- 4.16 C het nie geweet of dit 'n seun of 'n dogter sou wees nie. (1)

- 4.17
- Gavin het (by die kinders) agtergebly om hulle te versorg.
 - Gavin het die kinders rustig en kalm gehou.
 - Hy het vir die kinders partytjie gehou.
 - Gavin het hulle laat dans om van alles te vergeet.
 - Gavin het vir hulle 'n diskodans uit die jare sewentig op die kombuistafel gedemonstreer om hulle aandag af te trek.
(Enige DRIE of soortgelyk)
- (3)
- 4.18
- Sy het gesien hoe Margot haar ma help.
 - Margot was maar net 'n gewone mens.
 - Margot het haar goed oor haar skryftalent laat voel.
 - Margot het haar goed oor haarself laat voel – sy het Hanna mooi gegrimeer.
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 4.19 B nie wou hê dat sy ooit in haar lewe moes seerkry nie. (1)
- 4.20 sy wou nog langer by Yann wees. (1)
- 4.21
- Margot het belowe dat sy Kaap toe sou kom na haar werk in Johannesburg om vir 'n naweek te kom kuier.
 - Margot het vir Yann gesê dat sy hierdie keer sal doen wat sy belowe het (om vir hulle te kom kuier).
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 4.22 Dit dui aan dat sy nou tevrede is met wat sy het/wie sy is.
(Of soortgelyk) (1)
- 4.23 Die verhaal handel oor:
- Hanna.
 - Hanna se lewe.
 - die stories wat Hanna uitdink.
 - avonture wat Hanna saam met haar familie op die berg beleef het.
 - Dit verwys na haar naam, Hanna Hoekom, omdat sy so baie vrae vra.
(Enige TWEE of soortgelyk)
- (2)

[35]

VRAAG 5: OPSTELVRAAG**MEEULANDERS – Esta Steyn****Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkele skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM**Hoe Fred vir Hermanus gelukkig gemaak het**

- Fred was 'n baie verantwoordelike persoon ten opsigte van die familiebesigheid.
- Hy het omgesien na sy pa se besigheidsbelange.
- Fred het na Hermanus se welstand omgesien – Hermanus het by Fred gebly.
- Fred is deur baie as 'n goeie mens gesien en dit het sy pa goed laat voel.
- Fred was 'n familie- en gesinsmens – hy het gesorg dat sy familie/gesin die basiese benodigdhede soos huis, ens. het.
- Die werksmense het baie van Fred gehou.
- Fred het respek teenoor sy pa getoon deur sy pa in alle besluite rondom die besigheid te ken.
- Sy pa het geglo Fred was 'n staatmaker, want hy het die besigheid goed bestuur.
- Hy het altyd sy pa ondersteun in al sy pa se aktiwiteite in die gemeenskap.
- Hy was sy pa se trots, want hy was as burgemeester verkies.
- Fred het 'n kontrak (seegraskonsessie) aan Skalla gegee.
- Hermanus het geglo Fred sou die familiebesigheid oorneem.

Hoe Fred vir Hermanus ongelukkig gemaak het

- Fred het nie baie vir sy broer omgegee nie.
- Fred het deurmekaar geraak met Elsabet, 'n getroude vrou.
- Hermanus wou nie hê Fred moes met Elsabet trou nie.
- Fred was ontrou tydens sy huwelik met Elsabet.

Hoe Skalla vir Hermanus nét ongelukkig gemaak het

- Skalla was baie onverantwoordelik, want hy het dinge gedoen wat sy familie in die skande gesteek het.
- Al sy verkeerde dade het die gemeenskap sleg van hom laat praat – dit het sy pa seergemaak.
- Hy het dronk bestuur en Hermanus se gunsteling skoondogter se verlamde toestand veroorsaak.
- Hy het Janka raakgeskiet en gevlug.
- Hy het onwettig met kreef en dwelms gesmokkel.
- Hy het nie 'n flenter vir die familiebesigheid omgegee nie.
- Hy kon mense maklik oorreed om iets verkeerd te doen.
- Hy was nie 'n familiemens nie.
- Hy was oneerlik en het sy geld verdien deur te steel.

- Hy het mense afgepers.
- Hy het nie baie vir sy broer omgee nie.
- Hy het hardhandig met vrouens gewerk.
- Hy het al 'n vrou aangerand en verkrag.
- Hy kon enige vrou oorhaal om 'n verhouding met hom te hê.
- Hy het nie respek teenoor sy pa betoon nie, want hy het nie juis na sy pa geluister nie.

Hoe Hermanus gevoel het oor Fred en Skalla se verkeerde optrede

- Hermanus was ongelukkig, omdat Fred so ontrou aan sy vrouens was.
- Ten spyte van al Skalla se verkeerde daade, wou Hermanus hom nie aan sy lot oorlaat nie en wou hom nog tot op die laaste beskerm.
- Hermanus het swaar gekry, omdat sy twee seuns mekaar gehaat het.
- Skalla wou niks met Hermanus te doen hê nie en dit het Hermanus seergemaak.
- Hermanus het Skalla gemis en na hom verlang.
- Hermanus het innerlike pyn en lyding a.g.v. sy seuns se optrede en handeling ervaar.

SLOT: Die bespreking word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

MEEULANDERS – Esta Steyn (bl. 107-108) en (bl. 135)

- 6.1 Sy het 'n verhouding met Fred (wat getroud was) aangeknoop. (1)
- 6.2 Elsabet het gevoel
- die eiland druk haar vas.
 - sy is afgesny van die lewe.
 - die eiland hou nie van haar nie.
- (Enige TWEE) (2)
- 6.3
- Dinge tussen haar en Fred het nie uitgewerk soos sy gehoop het nie.
 - Fred het nie vir Sheila gelos om met haar te wees nie.
- (Enige EEN) (1)
- 6.4 Elsabet wou wegkom van Fred en hulle buite-egtelike verhouding. (1)
- 6.5
- Sy was skaam, ✓ omdat sy 'n verhouding met 'n getroude man gehad het. ✓
- OF**
- Sy het sleg gevoel ✓, omdat haar verhouding met Fred vir Sheila (sy vrou) seergemaak het. ✓
- (Of soortgelyk) (2)
- 6.6 B die naam het Elsabet aan Jacob laat dink. (1)
- 6.7 Sy het verdrink. (1)

- 6.8 (By die)(Salamanderbaai)hotel (1)
- 6.9
- Hy het nie van Elsabet gehou nie, want hy het gedink sy is 'n flerrie.
 - Hy het vir Fred gesê Elsabet is nog 'n getroude vrou.
 - Hy kon nie vir Elsabet in Sheila se plek voorstel nie.
- (3)
- 6.10 In die woonstel op hulle erf. (1)
- 6.11 B verduideliking oor hoekom sy Jacob verlaat het. (1)
- 6.12 Ma/Sy het haar nog steeds “Ma” genoem. (1)
- 6.13
- Elsabet het Sheila se portret en ornamente in die stoorkamer gaan sit/bêre.
 - Elsabet het dit weggepak.
(Enige EEN)
- (1)
- 6.14
- Sy was baie ontsteld daaroor.
 - Sy het gevoel asof sy nie ontslae kan raak van Sheila nie.
 - Sy het gevoel die huismense wou nie van Sheila afskeid neem nie.
(Of soortgelyk)
- (1)
- 6.15 Ja. Sy sou beter deur Ryna en Jacob versorg word.
OF
Nee. 'n Baba moet deur sy/haar ma versorg word.
(Of soortgelyk) (1)
- 6.16 Jacob/Jannerik/Attie het ook vir Janka omgegee.
(Mag enige EEN van hierdie drie noem) (1)
- 6.17
- 6.17.1 C Janka (1)
- 6.17.2 D Hansie (1)
- 6.17.3 A Elsabet (1)
- 6.17.4 B Ryna (1)
- 6.18
- Sy het gehuil.
 - Sy het net koponderstebo op die bed bly sit.
 - Sy het gesê sy wou huis toe gaan.
(Enige EEN)
- (1)
- 6.19
- 6.19.1 Onwaar (1)
- 6.19.2 Hy het weer 'n (buite-egtelike) verhouding met 'n Kaapse vrou aangeknoop. (1)

- 6.20 6.20.1 drink (1)
- 6.20.2 kuier (1)
- 6.20.3 praat (1)
- 6.20.4 bly (1)
- 6.21 6.21.1 Waar (1)
- 6.21.2
- Sy wou Skalla verlei, maar hy het betyds tot sy sinne gekom.
 - Sy het toegelaat dat Skalla haar soen.
(Of soortgelyk) (1)
- 6.22 Sy het altyd die verkeerde besluite ten opsigte van die mans in haar lewe geneem.
(Of soortgelyk) (1)
- 6.23
- Die gras is nie altyd groener aan die ander kant nie.
 - 'n Mens moenie om die verkeerde redes trou nie.
(Of soortgelyk) (1)

[35]**TOTAAL AFDELING A: 35****AFDELING B: DRAMA****BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.****VRAAG 7: OPSTELVRAAG*****POPPIE, DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé****Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkele skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:

Poppie en haar gesin ken nie die lekker van 'n gelukkige gesinslewe nie. Bespreek die stelling deur na die onderstaande te verwys:

Poppie-hulle se ongelukkige tyd in die Kaap

- Poppie-hulle was gedwing om uit Lambertsbaai na die Kaap te verskuif.
- Poppie het in 'n beknopte ruimte saam met haar ma en haar stiefpa en die kinders in die Kaap gewoon.
- Haar man, Stone, het ook aangesluit en 'n werkskontrak gekry om by 'n melkery in Philippi te werk.

- Poppie het inslaapwerk in Constantia gekry en het haar man baie min gesien. Dit het tot 'n gebroke gesinslewe gelei.
- Poppie het gesukkel met die nuwe paswette in die Kaap en moes na elke drie maande haar werkpermit en pasdokumente hernu.
- Poppie het met die pasboekwet in die Kaap gesukkel.
- Haar werkgewer het na Engeland verhuis en sy moes afgeteken word en heraansoek doen.
- Die pasbeampte het gesê Poppie kon nie elke keer haar pas hernu nie; sy moes na die Ciskei gaan, want sy was met Stone getroud.
- Stone het siek geword en Poppie moes hom alleen in die Kaap agterlaat.
- Poppie moes gereeld vir die polisie wegkruip en kon nie in vryheid met haar gesin leef nie.

Poppie-hulle se tweede verskuiwing na Mdantsane

- Die regering het Poppie laat weet dat sy 'n huis in Mdantsane gekry het.
- Poppie het na Mdantsane vertrek waar sy in 'n "rou" huis ingetrek het.
- Die regering het haar trek gereël en gesorg dat haar goed in Mdantsane kom.
- Poppie en die kinders het met die trein Mdantsane toe gery.
- Poppie moes haar huis self inrig.
- Poppie moes self die bourommel verwyder.
- Poppie moes self waterkrane en plafonne in die huis laat sit.
- Poppie-hulle was die enigste inwoners in daardie straat.
- Poppie kon darem die kinders in die skool kry.
- Poppie het later werk gesoek om te help met die kinders se skoolgeld.
- Stone kon net een keer kom kuier.
- Stone het gereeld briewe en geld gestuur.
- Bonsile het 'n skooldogter swanger gemaak en die mense het damagegeld gesoek.
- Poppie was baie hartseer in Mdantsane; sy het alleen gevoel.
- Poppie het ook gevoel dat die Here haar aan haar lot oorgelaat het.
- Poppie het gevoel dat haar mense haar vergeet het en dat hulle gelukkig sonder haar in die Kaap aangegaan het.
- Poppie het die boodskap gekry dat Stone gesterf het en dat sy Kaap toe moes kom.

Poppie en die kinders se ongelukkige tyd na Stone se dood

- Poppie het Bonsile by huurders in haar huis in Mdantsane gelos.
- Poppie moes die meisies by haar skoonmense in Herschel los.
- Fezi moes by Mosie bly.
- Poppie en haar kinders was al weer van mekaar geskei.
- Poppie het vir goed Kaap toe gegaan.
- Poppie het Stone baie gemis.
- Poppie het in die Kaap sonder 'n pas gewerk.
- Mev. Swanepoel het vir Poppie 'n pas gereël, omdat sy nie vir Poppie as werker wou verloor nie.
- Poppie was bewus van die uitbuiting van haar arbeid.
- Poppie het bewus geraak van die stryd wat die kinders gevoer het met hulle gevegte teen die trekarbeiders en die grootmense.

- Poppie het die gevegte van die swart Kersdag beleef.
- Poppie-hulle moes uit die huis uit vlug, want die kinders het die huise aan die brand gestee.
- Vukile is raakgeskiet en het in Poppie se arms gesterf.
- Poppie het haar kinders in Mdantsane laat haal.
- Bonsile en haar dogters is ook deur die polisie ondervra oor Jakkie se verdwyning.

SLOT: Die bespreking word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé (bl. 42) en (bl. 45-46)

- 8.1 Sy het gaan bid. (1)
- 8.2 sterk (1)
- 8.3
- Sy het nie 'n pas gehad nie.
 - Sy was met 'n man van die Ciskei getroud.
(Enige EEN) (1)
- 8.4 Daar sou nie plek vir haar en haar kinders in die hutte wees nie. (1)
- 8.5
- Sy was vasberade om te kry wat sy wou hê.
 - Sy het deursettingsvermoë gehad.
 - Sy was 'n sterk vrou wat die uitdagings van 'n nuwe plek sou aanvaar.
 - Sy was 'n goeie ma vir haar kinders.
 - Sy was hardwerkend.
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 8.6 Poppie se baba moes al gebore gewees het. (1)
- 8.7 (Hy)/Die pasbeampte het Poppie jammer gekry. (1)
- 8.8
- Hy moes kontrakwerk vat wat hom siek gemaak het.
 - Sy gesondheid het verswak.
 - Hy moes Lambertsbaai verlaat het.
 - Hy moes sonder Poppie en die kinders klaarkom.
 - Stone het ook swaargekry.
(Enige EEN) (1)
- 8.9
- Beteken pa van Bonsile.
 - Uit respek/Sy respekteer hom./Beton respek aan hom.
(Enige EEN) (1)

8.10	8.10.1	C	Poppie	(1)
	8.10.2	E	Pasbeampte	(1)
	8.10.3	D	Mev. Retief	(1)
	8.10.4	B	Stone	(1)
8.11			<ul style="list-style-type: none"> • Dit is te rof in die special quarters (waar Stone gaan bly). • Die manne mag dalk met Bonsile sukkel wanneer Stone nagskof gaan werk. • Poppie wou nie weer kantoor toe gaan om te vra dat Bonsile by sy pa moes agterbly nie. • Bonsile moes skoolgaan. • Hy sou 'n behoorlike blyplek hê. • Poppie het gereken dat as sy moes swaarkry, dan kan haar kind ook swaarkry. (Enige DRIE)	(3)
8.12			In die “special quarters”/spesiale kwartiere (vir mans sonder vroue).	(1)
8.13			(In) Mdantsane	(1)
8.14	8.14.1		Onwaar	(1)
	8.14.2		<ul style="list-style-type: none"> • Bonsile wou glad nie na Poppie luister nie. • Bonsile het sy eie ding gedoen. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
8.15	8.15.1		Onwaar	(1)
	8.15.2		<ul style="list-style-type: none"> • Sy was baie hartseer. • Sy het gevoel sy is weggegooi. (Enige EEN)	(1)
8.16	8.16.1		stasie	(1)
	8.16.2		wet	(1)
	8.16.3		hart	(1)
	8.16.4		blyplek	(1)
8.17	8.17.1		Poppie was hartseer.	(1)
	8.17.2		Poppie het gevoel dat hulle (haar familie) die lewe sonder haar geniet.	(1)
8.18	C		Stone	(1)

- 8.19 A kos aan haar kinders te voorsien. (1)
- 8.20 Bonsile het 'n skoolmeisie (weeskind) swanger gemaak. (1)
- 8.21 Poppie wou help om die skoolgeld te betaal. (1)
- 8.22
- Hy moes nie so stout wees nie.
 - Hy kon haar help met die huistakies.
 - Hy kon na sy jonger boeties en sussies kyk terwyl sy ma gaan werk het. (Enige EEN) (1)
- 8.23
- Poppie sou meer vir haar arbeid in die Kaap betaal word (as in Mdantsane).
 - Poppie het besef dat sy nou vir haar kinders moes sorg. (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- [35]**

VRAAG 9: OPSTELVRAAG

PALJAS – Chris Barnard

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkeles skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM

Wat met die McDonalds by die dans gebeur het

- Die dorpsmense het oor die McDonalds geskinder en allerhande stories oor hulle versin wat nie waar was nie.
- By die Volstruisdans het hulle vir Emma met 'n oorryp tamatie gegooi die oomblik toe sy uit die kar geklim het.
- 'n Eier het vir Hendrik teen die kop getref en vir Emma op die voorkant van haar rok.
- Die dorpsmense het begin lag en het aangehou om tamaties en eiers na die McDonalds te gooi.
- Hendrik het tussen die dorpsmense ingevlieg.
- Hendrik het probeer kyk waar die eiers en tamaties vandaan gekom het.
- Twee, drie mans het vir Hendrik vasgehou toe hy wou optree.
- Die manne het vir Hendrik tot by die motor gekry en hom by die agterdeur ingedwing.
- Jan Mol en sy vriende het agter die motor aangehardloop en klippe na die motor gegooi.
- Katrien was geskok toe die tamatie haar getref het, sy het aan die gemors gevat en daarna gekyk.
- Willem was heeltemal versteen.
- Die McDonalds het weggery van die Volstruisdans af terug huis toe en Nollie het bestuur.

Wat tussen die huismense gebeur het nadat hulle die dans verlaat het

- Hendrik het vir sy gesin gesê dat hulle hulle moes gaan mooimaak, hulle moes aangaan asof niks gebeur het nie.
- Emma het gesê die mense het hulle soos melaatses weggejaag en Hendrik wou hê hulle moes maak asof niks gebeur het nie.
- Sy het gepraat oor haar ma, Katrien, wat bedags loop en huil en oor Willem wat vir twee jaar nog nie gepraat het nie.
- Emma het gesê dat hulle nooit weer gaan maak of niks gebeur het nie.
- Hulle gaan oor alles praat al maak dit ook hoe seer.
- Emma het gesê dat haar pa oor nonsens gepraat het net om nie oor die regte goed te praat nie.

Hoe Manuel se paljas alles uiteindelik weer laat regkom het

- Die dorpsmense het op Toorwater opgedaag en Hendrik het hulle ingenooi.
- Die dorpsmense het skuld erken, verskoning gevra en die McDonalds aanvaar.
- Die dorpsmense se aanvaarding van die McDonalds het hulle gelukkig gemaak.
- Die gesinslede het weer met mekaar gesels.
- Die gesin was weer 'n eenheid.
- Emma het weer begin klavier speel.
- Emma het vir 'n Nollie 'n kans gegee.
- Willem het weer gepraat.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

PALJAS – Chris Barnard
(bl. 41-42) en (bl. 49)

- 10.1 (Blou) oorbelle (1)
- 10.2
- Hy het gevoel haar “spaargeld” moes in die huis ingegaan het.
 - Hy het al sy geld vir die huis gegee.
 - Hy kon nie glo dat Katrien gesê het dat sy van die geld weggesteek het nie.
 - Hy het hard gewerk om die kar aan die loop te kry en sy het oorbelle gekoop.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.3
- Hy het weggehardloop.
 - Hy was gespanne.
(Enige EEN) (1)
- 10.4
- Hendrik (en sy gesin) was stukkende mense.
 - Hulle kon nie hulle gevoelens met mekaar deel nie.
(Of soortgelyk) (1)

- 10.5 Katrien het vir Hendrik beskuldig dat ...
- hulle hier op Toorwater moes wees.
 - hy 'n vrou nie verstaan nie.
 - hy versukkeld was/niks in die lewe bereik het nie.
 - Hendrik sy gesin wou beheer en nie hulle behoeftes verstaan het nie.
 - Hendrik gevoel het Katrien dink hy was nie goed genoeg vir haar nie/hy nie eers vir haar oorbelle kon koop nie.
 - Hendrik die enigste man was wat nooit wou glo dat sy net vir hom lief was nie.
 - Katrien vir Hendrik blameer het omdat daar nie geld was nie.
- (Enige DRIE feite of soortgelyk) (3)
- 10.6 10.6.1 Waar (1)
- 10.6.2
- Manuel het vir Willem konsert gehou.
 - Manuel het toertjies gedoen.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.7 10.7.1
- Willem het 'n spraakprobleem gehad.
 - Willem kon nie praat nie/hy was stom.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.7.2 Iemand wat gelukkig was/wat lag. (1)
- 10.8
- Hy het begrip vir Willem se gebrek gehad.
 - Hy het ander maniere gekry om met hom te kommunikeer.
- (Enige EEN) (1)
- 10.9 Dit is beter om met mekaar oor alles te praat en probleme uit te sorteer. (1)
- 10.10
- Hendrik het hulle gebel.
 - Hulle het na Willem kom soek.
- (Enige EEN) (1)
- 10.11 10.11.1 skuur (1)
- 10.11.2 hoenderkonsert (1)
- 10.11.3 huis (1)
- 10.11.4 stoep (1)
- 10.12 Die polisie het net na die stories geluister en daarop gereageer. (1)
- 10.13 C vir Manuel te gaan waarsku. (1)
- 10.14 D 'n paar leeutande en 'n bobbejaan se kopbeen. (1)
- 10.15 Willem (1)

- 10.16 10.16.1 C het vir Hendrik gesê dat hy moes ophou praat oor dinge wat nie saak maak nie (1)
- 10.16.2 A het gereeld by die McDonalldgesin gekuier (1)
- 10.16.3 D het met die McDonalldgesin gespot (1)
- 10.16.4 B het weer die McDonalldgesin laat lag (1)
- 10.17 10.17.1 Waar (1)
- 10.17.2 • Hendrik het vertel hoe Willem een aand aan die toor gegaan het/hy het goed in sy hand ingetoor en dan weer weggetoor.
• Hendrik het vertel hoe daar 'n eier by Willem se mond uitgekrom het.
(Enige EEN) (1)
- 10.18 • Tekening teen die muur.
• Groter joker-speelkaart.
• Groot ingekleurde bont sirkels, kruise en vierkante.
(Enige EEN) (1)
- 10.19 Hendrik het gesê hy wonder of Willem nie met die helm gebore is nie. (1)
- 10.20 Hy het gedink dit was 'n altaar met duiwelskuns. (1)
- 10.21 • Die dorpsmense het die McDonalds sien aankom, verbygeloop en nie met hulle gepraat nie.
• Die dorpsmense het emosieloos na die McDonalds gekyk sonder om uit te reik na hulle toe.
• Die dorpsmense het gewys dat hulle nie begrip vir die McDonalds gehad het nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.22 • Emma was vriendelik met Nollie en was bereid om aan 'n verhouding te werk.
• Emma het weer klavier gespeel.
(Enige EEN) (1)
- 10.23 • Moenie skinder nie/skinderstories glo nie.
• Leer mense eers ken voordat jy oordeel.
• Behandel ander mense soos wat jy wil hê hulle moet jou behandel.
(Of soortgelyk) (1)
- 10.24 Ja.
• Hulle moes op die moeilike manier leer om weer te vertrou en te kommunikeer.
• Almal moes eers teen hulle wees sodat hulle mekaar kon waardeer.
(Of soortgelyk)

OF

Nee.

- Dit is net tydelik, totdat daar weer swaar tye kom.
(Of soortgelyk)

(1)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C: KORTVERHALE

STORIEJOERNAAL

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.

VRAAG 11: OPSTELVRAAG

***BENEDICTA* – Margaret Bakkes**

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkele skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die vraag sinvol in.

LIGGAAM:

Christiaan se ontkomings

- Hy was 'n jaar oud toe hy onverklaarbaar aan die slaap geraak het.
- Die dokter kon nie vasstel wat fout met Christiaan was nie.
- Sy ma het met 'n gillende Christiaan (baba) na 'n militêre hospitaal gejaag.
- Hy het breinvog op sy brein gehad wat nie na behore gedreineer het nie.
- 'n Motorfiets het hom raakgery.
- Dié ongeluk het 'n dubbele breuk van die tibia en fibula veroorsaak.
- Die breuk het meer as 'n jaar geneem om te herstel.
- Sy been het korter aangegroei.
- 'n Verwoede olifantbul het Christiaan bestorm en hy moes die dier op 'n kort afstand doodskiet.
- Op Tweede Nuwejaar het 'n buffel Christiaan bestorm.
- Die buffel het hom geskep en hom teen die grensdraad gegooi.
- Die buffel het op hom gekniel, maar hy kon dit regkry om die buffel dood te skiet.
- Christiaan is deur krokodille aangeval.
- Sy linkerarm was af en die regterarm was erg beseer.

Die uitwerking van Christiaan se krokodilaanval op sy ma

- Die nuus was skokkend.
- Sy het 'n donker swaarmoedigheid beleef.
- Haar grootste vrees was dat Christiaan nie die aanval sou oorleef nie.
- Die ander vrees was of hy met die gevolge van die aanval sou kon saamleef.

- Sy ma het haar getroos deur te sê dat hy al verskeie ontkomings met die genade oorleef het.
- Sy het 'n ingehoue smart/bekommernis wat sy nie met ander gedeel het nie.
- Sy het die hoop uitgespreek dat hy hierdie aanval ook sal oorleef, al was hy so ernstig beseer.
- Christiaan se ma is deur haar emosies oorweldig en het bitterlik in die kleedkamer gehuil.

Hoe Benedicta Christiaan se ma weer moed gegee het

- Benedicta het met haar gesimpatiseer.
- Benedicta het haar 'n sigaret en vodka aangebied om haar te versterk.
- Benedicta se menslikheid, begrip van 'n moeder en emosionele ondersteuning het haar die kalmte en versterking gebied wat sy nodig gehad het om die donkerte aan te pak.
- Benedicta het gesê dat sy vir Christiaan en sy ma sou bid.
- Benedicta se ontferming het gemaak dat sy rustig geword het.
- Benedicta wat ook seuns aan die dood afgestaan het, se begrip en ondersteuning.
- Christiaan se ma het die tog verder sonder vrees aangepak.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

STORIEJOERNAAL

AGTER 'N BAARD – Hennie Aucamp (bl. 2)

- | | | |
|------|--|-----|
| 12.1 | blydskap | (1) |
| 12.2 | D trots | (1) |
| 12.3 | Sy pa se baard het hom seergemaak. | (1) |
| 12.4 | <ul style="list-style-type: none"> • Marina het gedink die baard lyk slordig/boskasierig. • Sy het Deon skaars herken./Sy het gevoel dit was nie hy nie. • Volgens Marina het dit gelyk asof Deon hulle van agter 'n bos beloer. (Enige TWEE) | (2) |
| 12.5 | Marina wou hê Deon moes sy baard afskeer. | (1) |
| 12.6 | Omdat hy sy emosies wou wegsteek. (Emosies kan gekwalifiseer word.) | (1) |
| 12.7 | 12.7.1 Onwaar | (1) |
| | 12.7.2 Sy het vir hom gesê daar is 'n tyd vir alles. | (1) |
| 12.8 | Die baba wat Marina verwag het. | (1) |
| 12.9 | Marina wou hê dat Deon onmiddellik weer beheer as man moes oorneem. | (1) |

- 12.10 12.10.1 Waar (1)
- 12.10.2 Toe Marina met Bennie geraas het omdat hy met sy vinger op sy pa se neus gedruk het, het Deon gesê Marina moes hom los, want Deon wou hê Marina en Bennie moes aan hom vat. (1)
- 12.11
- Deon het op die grens leer drink.
 - Hy het gevoel die drank sou hom laat ontspan.
 - Hy was moeg.
(Enige TWEE) (2)
- 12.12 Emosie: Marina was **ontsteld/ongelukkig**. (1)
- Marina het nie van sy drankasem gehou nie.
 - Marina kon nie glo dat hy so vinnig so baie gedrink het nie.
 - Marina wou gehad het hulle moes saam wyn aan tafel drink.
(Enige EEN rede) (1)
- 12.13
- Deon se baard (het 'n skeiding tussen hulle veroorsaak).
 - Marina het nie van sy drankasem gehou nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 12.14 12.14.1 D Bennie (1)
- 12.14.2 E Marina (1)
- 12.14.3 B Deon (1)
- 12.14.4 A Grenssoldaat (1)
- 12.15 12.15.1 slaap (1)
- 12.15.2 praat (1)
- 12.15.3 skree (1)
- 12.15.4 huil (1)
- 12.16 geskok (1)
- 12.17 Deon was (wit en) naak, sonder 'n baard. (1)
- 12.18
- Hy was gereed om (die waarheid) oor sy oorlogservaringe te praat.
 - Hy wou nou eerlik oor sy ervaringe praat.
 - Hy wou sy emosies voor Marina ontbloot.
(Of soortgelyk) (1)
- 12.19
- Hy het weer die (wreedheid van die) oorloggebeure ervaar.
 - Hy het verlig gevoel dat hy van sy ervaringe met Marina kon deel.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 12.20
- Hy het haar van die dood/bloed/slegte reuke/braaksels/uitskeidings/verrottende vleis vertel. (Hoef net EEN van hierdie te noem)
 - Hy het haar van al sy slegte/wrede ervarings op die grens vertel. (Enige EEN)
- (1)
- 12.21
- Marina kon simpatiek luister.
 - Marina kon Deon ondersteun deur sy oorlogervarings te verstaan.
 - Marina kon Deon toelaat om oor sy ervarings te praat wanneer hy so voel. (Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 12.22
- Toe Deon klaar uitgepraat het, het hy rustig geslaap en sy het wakker gelê.
 - Sy wou die oorlogervarings hoor, maar kon dit nie hanteer nie. (Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 12.23
- Sy sou verstaan dat hy (tydelik) agter sy baard moes skuil totdat hy met sy ervarings vrede gemaak het. (Enige goeie sinvolle antwoord m.b.t. die konteks van die verhaal).
- (1)
- 12.24
- Die baard was 'n masker.
 - Deon het agter sy baard geskuil. (Of soortgelyk)
- (1)
- [35]**
- TOTAAL AFDELING B: 35**

AFDELING D: GEDIGTE**VERSJOERNAAL****BEANTWOORD TWEE VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE.****VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG****Die hanswors – S.J. Pretorius**

- 13.1 (’n) Hanswors/(’n) Nar (½)
- 13.2 “gekoggel” (1)
- 13.3
- (vergroeide) rug(graat)pyn
 - rugpyn
- (Enige EEN) (1)
- 13.4 paarrym (1)
- 13.5 13.5.1 Onwaar (1)
- 13.5.2 “gaar” (1)

- 13.6 geld vir die sirkus ingebring (1)
- 13.7 13.7.1 C die diere (1)
- 13.7.2 D die ander sirkusmense (1)
- 13.7.3 A die skare (1)
- 13.8 13.8.1 belangrike (1)
- 13.8.2 slegte (1)
- 13.9 A gedrink het en homself nie goed versorg het nie. (1)
- 13.10 A rats (1)
- 13.11
- Vir wat hy vir haar gedoen het.
 - Dat hy sy salaris vir haar gestuur het.
 - Dat hy elke maand vir haar geskryf het.
 - Dat hy gekom het, toe sy hom nodig gehad het.
(Enige EEN) (1)
- 13.12 Ja.
- Dit was hoekom hy die diere se geselskap opgesoek het.
 - Dis die rede waarom hy na die dierehokke toe gevlug het.
(Of soortgelyk) (1)
- 13.13
- Dat jy na jou familie/gesin moet omsien.
 - Dat jy jou familie/gesin moet ondersteun.
 - Dat jy verby jou eie pyn moet kyk.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 13.14
- Die spreker het gewys hoe sleg die hanswors se kollegas hom behandel het.
 - Die spreker het die hanswors se gebrek genoem.
 - Die spreker het na die hanswors se ma se dood verwys.
 - Die beelde wat hy gebruik soos “boggel”, “kromheid”, “klere wat gaar is”, ens.
 - Die beskrywing van die hanswors se voorkoms.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- [17½]**

VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG**Brief – Fernel R Abrahams**

- 14.1 Die spreker se ma (½)
- 14.2 “kaalvoet” (1)
- 14.3
- Liefde
 - Respek
- (Enige EEN) (1)
- 14.4
- Plastieklomme is goedkoop.
 - Plastieklomme pas nie by sy ma se styl nie.
 - Plastieklomme is nie eg nie.
- (Enige EEN) (1)
- 14.5
- “maar ek gebruik soms leestekens” (versreël 3)
 - “en ek sal nie vir Mamma “jy” sê nie” (versreël 4)
- (Enige EEN) (1)
- 14.6 bang (1)
- 14.7 14.7.1 Onwaar (1)
- 14.7.2 “Ek glo nie sommer net in God nie.” (1)
- 14.8
- Hy dra sy hare lank.
 - Sy baadjie pas nie meer nie.
 - Hy wil ’n ooring dra.
 - Hy bid nie meer gereeld nie.
 - Hy praat selfs oor die dood.
 - Hy glo nie net blindelings in God nie.
- (Enige DRIE) (3)
- 14.9 14.9.1 bang (1)
- 14.9.2 tevrede (1)
- 14.10 14.10.1 C Die spreker toon respek vir sy ma. (1)
- 14.10.2 B Die spreker is volwasse en neem sy eie besluite. (1)
- 14.10.3 A Die spreker vra om verskoning dat hy nie meer is wat sy ma wou hê nie. (1)
- 14.11 D stemmig. (1)
- 14.12
- Ek moet lief vir my ma wees.
 - Ek moet my ma respekteer.
 - Ek moet eerlik met my ma wees.
 - Ek moet verstaan dat my ma my graag sal wil klein hou.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)

[17½]

VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG**Wie's hy? – Adam Small**

- 15.1 die digter/poet (½)
- 15.2 15.2.1 gewone (1)
- 15.2 15.2.2 kreatiewe (1)
- 15.3 15.3.1 B om emosie uit te druk (1)
- 15.3 15.3.2 C om een gedagte uit te druk (1)
- 15.3 15.3.3 A om te beklemtoon (1)
- 15.4 Dit is Kaapse Afrikaans. (1)
- 15.5 C het baie te sê oor die digter. (1)
- 15.6 Die spreker beantwoord die vraag. (1)
- 15.7
- Om die vraag te beklemtoon.
 - Om die leser kans te gee om te dink en 'n antwoord te gee.
(Enige EEN) (1)
- 15.8
- Digtors word in die strate gevind.
 - Digtors word onder gewone mense gevind. (1)
- 15.9 om die woord te beklemtoon (1)
- 15.10 15.10.1 Onwaar (1)
- 15.10 15.10.2
- “Nai”
 - “djulle's mistaken”
(Enige EEN) (1)
- 15.11
- Hulle sien die verkeerde dinge/probleme/onreg wat plaasvind.
 - Hulle sien die werklikheid.
(Enige EEN) (1)
- 15.12 “en soema net daa God tien hulle roep!” (Versreël 15) (1)
- 15.13
- Ek kan lesse daaruit leer.
 - Ek kan poësie vir genot lees.
 - Ek kan die taal leer waardeer.
 - Dit het geen/min waarde, want ek gaan nie 'n taal leer na skool nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 15.14
- Hy sê die gewone mens op straat kan ook 'n digter wees.
 - Hy motiveer mense om in hul vermoëns te glo.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

[17½]

VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG**Thumela – Elmé Barnard**

- 16.1 'n (matriek)leerling (½)
- 16.2 16.2.1 Onwaar (1)
- 16.2.2 Hy het “tot siens” aan die onderwyser **geskree**. (1)
- 16.3 laaste (1)
- 16.4 B baie (1)
- 16.5 gestaar (1)
- 16.6 16.6.1 hartseer (1)
- 16.6.2 vrolik (1)
- 16.7 Albei gee voor/steek hulle ware gevoelens weg. (1)
- 16.8 verlate (1)
- 16.9 verdwyn (1)
- 16.10 D maak nie gebruik van 'n vaste rympatroon nie. (1)
- 16.11 16.11.1 C Hierdie persoon is gewoond aan die wilde optrede van leerders wat die skool verlaat. (1)
- 16.11.2 D Hierdie persoon dink dís hoe 'n mens moet optree wanneer jy die skool verlaat. (1)
- 16.11.3 B Hierdie persoon dink dié wilde optrede van die leerder is onnodig. (1)
- 16.12 16.12.1 Die leerder is ongeskik/vernielsugtig. (1)
- 16.12.2 Die leerder kon sy/haar boeke aan die skool/behoefteige leerlinge geskenk het.
(Of soortgelyk) (1)
- 16.13 Ja. Ek sien nie fout met die leerder se optrede nie – ek sou ook so opgetree het.
OF
Nee. Leerders skree nie op hulle onderwysers nie; leerders behoort hulle onderwysers te respekteer.
(Of soortgelyk) (1)

[17½]

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70

RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG

Let op die verskil in die punttoekenning vir inhoud versus struktuur en taal.

KODES EN PUNTETOEKENNING		INHOUD [25] Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk.		STRUKTUUR EN TAAL [10] Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.
Kode 7 A 80–100%	Uitmuntend 20 tot 25 punte	In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors. Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie) Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks. Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks.	Uitmuntend 08–10 punte	Samehangende en gestruktureerde opstel. Uitstekende inleiding en slot. Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek.
Kode 6 B 70–79%	Verdiensielik 17½–19½ punte	Bogemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors. Gedetailleerde reaksie. Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks. Baie goeie begrip van genre en teks.	Verdiensielik 7–7½ punte	Opstel is goed gestruktureerd Goeie inleiding en afsluiting. Argumente en gedagtelyk is maklik om te volg. Taal, toon en styl is korrek en gepas vir die doel. Goeie aanbieding.
Kode 5 C 60–69%	Beduidend 15–17 punte	Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer. Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp. Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie. Begrip van genre en teks duidelik.	Beduidend 6–6½ punte	Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente. Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie) Vloei van argumente kan gevolg word. Taal, toon en styl is grootliks korrek.
Kode 4 D 50–59%	Voldoende 12½–14½ punte	Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie. Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie. Basiese begrip van genre en teks.	Voldoende 5–5½ punte	Geringe bewyse van struktuur. Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek. Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas. Paragrawe is meestal korrek.
Kode 3 E 40–49%	Matige 10–12 punte	Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord. Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp. Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks. Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie.	Matige 4–4½ punte	Beplanning van die struktuur is gebrekkig. Argumente nie logies gerangskik nie. Paragrawe is foutief. Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie.
Kode 2 F 30–39%	Basiese 7½–9½ punte	Houvas op die onderwerp is swak. Reageer herhalend en soms van die punt af. Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie / Argumente word nie verantwoord uit die teks nie. Baie swak houvas op genre en teks.	Basiese 3–3½ punte	Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente. Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol.
Kode 1 F tot H 0–29%	Ontoereikend 0 tot 7 punte	Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg. Swak poging om vraag te beantwoord. Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks. Baie swak houvas op genre en teks.	Ontoereikend 0–2½ punte	Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word. Geen bewyse van logiese beplanning nie. Geen paragrawe en koherensie nie. Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon.